# AFRIKAANS HUISTAAL

**VRAESTEL 1**
**GRAAD 11**

**JUNIE 2015**

**PUNTE: 70** **TYD: 2**

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | [30] |
| AFDELING B: | Opsomming | [10] |
| AFDELING C: | Taalstrukture en –konvensies | [30] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep na elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Nommer in die middel van die bladsy.

7. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

10. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 40 minute

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1:

***Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg:***

### TEKS 1: Redaksionele kommentaar

**Red renoster deur handel te wettig**

1 Nog 24 renosters is die afgelope week in Suid-Afrika afgemaai vir hul horings. Dus 146 vanjaar - en 107 van hulle in die Krugerwildtuin.

2 Dit is dus te verstane dat die moontlikheid geopper word om weer ʻn heining tussen die wildtuin en Mosambiek op te rig. In Thailand vergader afgevaardigdes van oor die wêreld by Cites en ook daar is die gonswoord renosters en hoe hulle van uitwissing gered kan word. Nuwe maatreëls word bepleit.

3 Dit kom in ʻn tyd dat daar al hoe meer stemme opgaan vir die wettiging van handel in renosterhoring en selfs die volhoubare "oes" daarvan. Suid-Afrika se span is juis in Bangkok om in dié opsig die mening te toets.

4 Cites se verbod op handel in renosterhorings het misluk. Sedert 1977, toe dit ingestel is, is meer as 100 000 renosters gestroop vir hul horings en dié getal neem steeds maand ná maand toe.

5 Heinings, nog wette en strenger maatreëls gaan die renoster ook nie red nie.

6 Al wat hulle kan red, is om ekonomiese waarde aan die diere te heg met die oog op die handel in renosterhoring.

7 ʻn Volwasse witrenoster kan tot 1 kg horing per jaar lewer sonder enige nagevolge. Teen sowat $60 000/kg kan dit ʻn sterk stroom nuwe inkomste genereer wat teruggeploeg kan word in bewaring.

8 Die duisende renosterhorings – geraam op tussen 15 t en 20 t – wat in Suid-Afrika lê en deur diewe geteiken word, soos pas weer by die polisiekantoor in Brits – kan gebruik word om kopers weg te lok van die swartmark.

9 Die nodigheid om renosters in die natuur te stroop vir die horings sal ook verdwyn as dit wettig gekoop kan word.

10 Wettige handel kom egter met ʻn verantwoordelikheid. Handelsooreenkomste sal gesluit en goed toegepas moet word sodat dit nie uitgebuit kan word nie. Horings moet volhoubaar en op menslike wyse geoes word van lewende renosters en van dié wat aan natuurlike oorsake dood is. Geen onwettige jag mag ooit geduld word nie.

*Uit: Beeld, 8 Maart 2013*

1.1 Lei uit die titel van die leesstuk af wat die skrywer se houding oor die handel in renosterhoring is. [1]

1.2 Gee 'n sinoniem vir "ge-opper" (paragraaf 2). [1]

1.3 Skryf 'n frase van vyf woorde uit paragraaf 2 neer wat daarop dui dat dit nie net Suid-Afrikaners is wat oor renosterstropery bekommerd is nie. [1]

1.4 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die woord "weer" in paragraaf 2 se eerste sin? [1]

1.5 Na wie verwys "Suid-Afrika se span" in paragraaf 3? [1]

1.6 Hoeveel jaar is daar al 'n verbod op die handel in renosterhoring? [1]

1.7 Die skrywer is in paragraaf 5 van mening dat 'n heining nie sal help nie. Dink jy 'n heining tussen die wildtuin en Mosambiek sal help om die renoster te red? Motiveer jou antwoord. [2]

1.8 Watter verband is daar tussen paragraaf 5 en 6? Kies uit:

A. Aaneenskakelend
B. Teenstellend
C. Oorsaak en gevolg [1]

1.9 Die "$"-teken in paragraaf 7 staan vir … [1]

1.10 Is "sterk stroom" in paragraaf 7 letterlik of figuurlik gebruik? [1]

1.11 Hoeveel renosterhoring is daar op die oomblik in Suid-Afrika wat verkoop sou kan word indien dit wettig sou wees om dit te mag verkoop? [1]

1.12 Noem een gevolg wat die wettiging van die handel in renosterhoring volgens die skrywer sal hê. Stel dit in jou eie woorde in een sin. [1]

1.13 Stem jy saam met die skrywer se mening oor hierdie omgewingskwessie? Motiveer jou antwoord. [2]

**EN**

**TEKS 2: PERSBRIEF**

**Verbied renosterjag gou geheel en al**

*Hilmer Kruger van eMalahleni skryf:*

1 Dit is dringend noodsaaklik dat 'n totale verbod – nie net 'n moratorium nie – op die "wettige" jag van renosters in Suid-Afrika so gou moontlik ingestel word.

2 Wêreldwyd is dit tans net in Suid-Afrika en Swaziland moontlik om renosters wettig vir sportdoeleindes te jag.

3 Dit is ontstellend hoeveel renosters die laaste paar jaar reeds in Suid-Afrika uitgewis is. Dit is op sigself genoegsame rede om 'n absolute verbod in te stel.

4 Duidelik kan Suid-Afrikaanse wetgewing vir die wettige jag van renosters maklik omseil word, soos onlangs met die video en skuldigbevinding van die Thaise burger geblyk het.

5 Ek doen 'n beroep op natuurbewaring en ander relevante instansies om onmiddellik daadwerklik 'n stokkie te steek voor die wettige jag van renosters in Suid-Afrika deur toepaslike wetgewing deur te voer. Hieraan moet swaar tronkstraf, wat as behoorlike afskrikmiddel kan dien, gekoppel word.

6 Net so moet toepaslike strawwe ook vir die onwettige stropery van renosters van toepassing gemaak word. Die Wêreldnatuurfonds (WWF SA) het reeds 'n beroep op die regering gedoen om die stroping van onwettige handel in renosters te help bekamp.

7 Dit is nou meer as ooit noodsaaklik om beslissend op te tree, anders wag katastrofiese gevolge op ons.

*Uit: Beeld, 20 November 2012*

1.14 Watter aanduiding uit die leesstuk is daar dat dit 'n brief aan die pers is? [1]

1.15 Soek een woord uit die teks wat dieselfde beteken as "geheel en al" in die titel. [1]

1.16 Noem twee lande waar renosters wettig gejag mag word. [2]


1.17 Wat beteken die uitdrukking "'n stokkie te steek voor" in paragraaf 5? [1]

1.18 Skryf die emotiewe woord uit die slotparagraaf neer wat die omvang van die gevolge beklemtoon. [1]

1.19 Het die skrywers van TEKS 1 en TEKS 2 dieselfde mening oor die wyse waarop renosters van uitwissing gered moet word? Motiveer jou antwoord. [2]

**EN**

**TEKS 3: SPOTPRENT**




1.20 Verduidelik waarom "MERK" in die spraakborrel vetgedruk is en watter verband dit met die renosters het. [2]

1.21 1.21.1 Watter stemming tref ons in die teks aan? [1]
1.21.2 Noem een visuele tegniek waarmee die stemming uitgebeeld word. [1]

1.22 Met watter paragraaf van TEKS A hou die spotprent se koerantopskrif direk verband? [1]

1.23 Watter emosionele reaksie ontlok die spotprent by jou? Motiveer jou antwoord. [2]

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**EN**

**AFDELING B: OPSOMMING**
**VRAAG 2:**

- Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van die ***SEWE*** antwoorde wat Jacques Strydom op Tharina Hattingh se sewe vrae gee.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in ***paragraafvorm*** aangebied word en mag nie meer as ***90 woorde*** beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

## Hy wou besig bly – nou loon wassery

**Tharina Hattingh gesels vandeesweek met Jacques Strydom van 'Carwash at Parkview'.**

**Hoe het dit gekom dat jy die eienaar van 'n motorwassery geword het?**
Ek het in my honneursjaar, in 2010, net saans klas gehad en nog nie bedags gewerk nie. Ek het gesien die motorwassery is te koop en besluit ek moet bedags iets sinvols met my tyd doen.

**Hoe het jy op 'n motorwassery besluit?**
My ouers bedryf vulstasies in Pretoria en ek moes nog altyd uithelp. Ek het ook baie tyd by die stasies se motorwasserye deurgebring. Ek het geleer dat dit 'n relatief maklike onderneming is om te bedryf. Dit is ook nie so 'n kapitaalintensiewe onderneming nie.

**Hoe lank het dit gevat voordat die motorwassery vir jou 'n winsgewende onderneming geword het?**
Die motorwassery het van die begin af 'n wins gemaak. Die verkoper se beloofde geprojekteerde syfers het wel baie beter gelyk as wat dit in werklikheid was. Ek moes 'n paar stappe doen om die wins te vergroot.

**Watter stappe moes jy doen?**
Bemark, bemark, bemark!
Ek het ook dadelik van die koste begin sny. Die vorige eienaar het heeltemal te veel werkers gehad vir die aantal voertuie wat gewas word. Ongelukkig moes ek van die werkers afdank.
Ek het ook na 'n goedkoper seepverskaffer geskuif.

**Daar is 'n gimnasium op die perseel. Trek dit vir jou baie kliënte?**
Ja, definitief. Die meeste van die kliënte is mense wat kom oefen en dan hul motor by ons los om te was. Ek het sakeversekering teen diefstal. Gelukkig was daar nog nooit 'n voorval nie. Ek het ook nou veiligheidskameras geïnstalleer.
Dit help om die kliënte gemoedsrus te gee dat ons bewyse sal hê as iets gesteel of die voertuig gekrap sou word.

**Wat is jou grootste uitgawes?**
Lone en salarisse. Die perseel se huurgeld is ook nogal hoog en dit styg jaarliks. Die prys van krag het ook die afgelope twee jaar wesenlik toegeneem. Die water-en-elektrisiteitsrekening het al verdriedubbel vandat ek die motorwassery gekoop het.

**Is jy van plan om in die toekoms uit te brei?**
Ja. Ek is op die uitkyk na nog 'n motorwassery, maar 'n goeie een wat die moeite werd is, is maar skaars.

*Aangepas uit Beeld: 28 Julie 2014*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**VRAAG 3:**

***Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae:***

***TEKS 1: ADVERTENSIE***

1 **Potchefstroom-lughawe**

2 **Ons is in die wolke!**

3 

**In 2010**

- **was Suid-Afrika gasheer van die wêreld se grootste sokkergeleentheid.**
- **het Europa se topsokkerspan in Potchefstroom tuisgegaan.**
- **het hulle by die splinternuwe Potchefstroom-lughawe geland ...**
- **het hulle as kampioene vertrek!**

4 **In 2010**

- **is Potchefstroom aangewys as die beste stad in die Noordwes-provinsie.**

5 **Kom kyk nou hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg:**

6 * Beste sportgeriewe
* Beste omgewing, skoon drinkwater
* Groeiende ekonomie, aantreklike beleggingsgeleenthede en 'n belowende toerismemark.

7 **Potchefstroom, waarheen mense met drome en verwagtinge kom en waar hulle as kampioene en oorwinnaars die stad verlaat!**

[Aangepas uit *Beeld-bylaag*, 10 Augustus 2010]

3.1 Watter konnotasie word aan ***Ons is in die wolke*** geheg? [1]

3.2 Skryf in die toevoegende wyse:

*Kom kyk nou hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg.* [1]

3.3 Dink jy die volgende sin in die advertensie is 'n regverdige uitlating teenoor ander stede in Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord.

*Potchefstroom, waarheen mense met drome en verwagtinge kom en waar hulle as kampioene en oorwinnaars die stad verlaat!* [1]

3.4 Watter implisiete boodskap dra die advertensie rakende Potchefstroom oor? [1]

3.5 Hoe skakel die vliegtuig by die advertensie in? [1]

3.6 Vorm 'n veelvoudige sin deur die twee onderstreepte gedeeltes in paragraaf 3 saam te voeg. [1]

3.7 Haal 'n woord uit paragraaf 6 aan wat 'n toeris sal oorreed om Potchefstroom te besoek. [1]

3.8 Brei die volgende sin uit deur middel van 'n bywoordelike bepaling:

*Europa se topspan gaan in Potchefstroom tuis.* [1]

3.9 Skryf 'n onvoltooide deelwoord uit paragraaf 6 neer. [1]

3.10 Skryf die onderwerp van die volgende sin neer:

*In 2010 was Suid-Afrika gasheer van die wêreld se grootste sokkergeleentheid.* [1]

**[10]**

**EN**

## VRAAG 4

**TEKS 2: STROKIESPRENT**




[Aangepas uit *Ben, Babsie en Familie*, Human en Rousseau, 1982]

4.1 Skryf die onderstreepte sin in raampie 1 in die direkte rede. Begin die sin met:
***Sy vra:*** *…* [1]

4.2 Wat bedoel die pa in raampie 2 as hy sê hulle het al ***vir mekaar ogies gemaak****?* [1]

4.3 Herskryf die onderstaande sin as 'n bevelsin:

*Moet ons hulle maar laat maak net soos hulle lus het?* [1]

4.4 Watter woordsoort is ***skoon*** in raampie 4? [1]

4.5 Motiveer of dit regverdig is dat Pieter in raampie 13 na homself as ***onvolwasse*** verwys. [1]

4.6 Skryf die sin in raampie 7 in die passief / lydende vorm. [1]

4.7 Waarom is die uitroeptekengebruik in die strokiesprent geslaagd? [1]

4.8 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.18) op jou antwoordblad neer.

***Langtand*** (raampie 11) beteken …

A vreugdevol
B gewillig
C lustig
D teësinnig [1]

4.9 Gebruik die hulpwerkwoord ***kan*** in raampie 12 as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. [1]

4.10 Hoe ondersteun Pieter se lyftaal sy woorde in raampie 13? [1]

**[10]**

**EN**

**VRAAG 5**
**TEKS 3: KOERANTARTIKEL**

## Beter prestasie as tiener later slaap

1 Tieners in Suid-Afrika se skooldag behoort later te begin sodat hulle wakkerder kan wees en hulle konsentrasievermoee beter kan wees.

2 Dit is die mening van dr. Alison Bentley, erenavorser by Wits en oudonderwyser. Hy het hierdie mening uitgespreek in reaksie op die nuutste navorsing in die VSA oor die voordele wat 'n skooldag wat later begin, inhou. 'n Klein, onafhanklike skool in Rhode Island het vir navorsing die skooldag twee maande lank 'n skrale halfuur later begin.

3 Periodes, saalbyeenkomste en buitemuurse aktiwiteite is met 5 tot 10 minute verkort, sodat die skooldag nie later geëindig het nie.

4 In dié tyd het navorsers bevind dat dié 201 gr. 9- tot 12-leerlinge wat aan die opname deelgeneem het, meer gemotiveerd en minder vaak en depressief was.

5 Bentley beweer dat wanneer kinders hulle tienerjare bereik, hul liggaamsritme verander; gevolglik daal hul liggaamstemperatuur nie meer teen 21:00 nie, maar eers drie uur later.

6 "Dit is 'n biologiese verandering en nie een van gewoonte of houding nie," sê Bentley.

7 Dit beteken tieners word eers baie later vaak en kan soms so laat as 01:00 eers aan die slaap raak.

8 "Om hulle om 06:00 wakker te maak, beteken hulle het nog nie genoeg slaap gehad nie, maar ook dat hulle voel soos iemand wat 04:00 wakker gemaak is.

9 Tieners is dus die eerste uur en 'n half van die skooldag nie op hul beste nie. Ironies genoeg is dit juis wanneer baie skole se roosters voorsiening maak vir vakke soos Wiskunde omdat hulle dink tieners is dan op hul skerpste.

[Aangepas uit *Rapport*, 18 Julie 2010]

5.1 Identifiseer die woord wat in paragraaf 1 verkeerd gespel is en skryf dié woord korrek oor. [1]

5.2 Waarvoor staan die afkorting ***dr.*** in paragraaf 2? [1]

5.3 Gebruik die volgende uittreksel uit die *HAT* (2011) om die vraag te beantwoord:

**skraal** b.nw. en bw. **1** Maer, dun: *So 'n skraal kêreltjie. Rietskraal.* ▽*Sy gesig is skraal sonder om benerig te wees, sy neus geboë sonder dat 'n mens dit krom kan noem* (François Bloemhof). **2** (*w.g.*) Met min vet; maer: *Skraal kos, dieet.* **3** Nie oorvloedig nie; karig: *Ons leef maar skraal.* **4** Onvrugbaar, dor: *Die grond is skraal.* **5** Armsalig: *'n Skrale troos.* **6** Min, weinig in getal: *'n Skrale opkoms by bidure. 'n Skrale meerderheid in die verkiesing behaal.* **7** (*van die weer*) Koud en droog, guur: *'n Skraal luggie waai van die see se kant af.* ▽*Sy oë traan van die skraal windjie* (Boerneef). **skraal: -heid, -te. skra'lerig.**

[Uit: *HAT*, 2011, bl. 1 026]

5.3.1 Watter betekenismoontlikheid van ***skraal*** is van toepassing in paragraaf 2? [1]

5.3.2 My inkomste is min en karig.

Hoekom is die frase ***min en karig*** NIE 'n voorbeeld van kontaminasie nie? [1]

5.4 Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.24) op jou antwoordblad neer.

Die betekenisfunksie van ***ver-*** in die woord ***verkort*** (paragraaf 3) is …

A korter
B maak
C nie
D weer [1]

5.5 Gebruik die vergrotende trap van ***vaak*** (paragraaf 4) in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. [1]

5.6 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

*Dit is 'n klein **(verandering)** en nie een van gewoonte of houding nie.* [1]

5.7 Gee 'n antoniem vir ***tieners*** in paragraaf 7. [1]

5.8 Gebruik jou kennis van spelreëls en skryf die tyd in paragraaf 7 uit in woorde. [1]

5.9 Gebruik die homofoon van ***dink*** (paragraaf 9) in 'n sin sodat die betekenis daarvan duidelik blyk. [1]

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**